



**It's is cool to be kind**

**Afrikaans FAL**

**13 Julie – 24 Julie**




**Dear Parents and learners if you are unsure about any of the work you can email me and I will help you.**


lbradley@dkps.org.za

**The following link include the lesson plan with the work that is set out underneath.Parents can use this link or email adress if there is any uncertainties about the work.**

https://sites.google.com/wced.info/cwed-learnerresources/ **> Primary Schools > InterSen Phase (Gr 4-7) > Afrikaans Eerste Additionele Taal > Graad 5 > Aktiwiteit**

**Maandag**

**13 Julie (Boek 1)**



**Opskrif** *(Please write the heading in your" Boek 1")*

**Luister en Praat**

**Leesbegrip**

Lees die storie "Drie klein Varke" en beantwoord die vrae

**Drie Klein Varke**

Eendag was daar'n **ou** moedervark wat drie klein varkies grootgemaak het, maar sy het nie genoeg kos gehad om hulle te voer nie.


So, toe hulle **groot** genoeg word het sy hulle in die wêreld ingestuur om na hulle self te kyk en huise te bou, en hulle gewaarsku teen die nare, groot wolf.
Die **eerste** klein varkie was baie **lui**.

"Ek wil nie so vêr loop om stene te kry vir my huisie nie. Ek wil eerder minder werk en die res van die **dag** rus!"



Hy wou eintlik glad nie werk nie, so hy bou toe sy huis uit strooi.
Die tweede klein varkie het 'n klein bietjie

harder gewerk, maar hy was ook maar lekker lui.




"Ek wil ook nie verder loop vir die bakstene nie. Stokke is baie **sterker** as strooi. Ek dink dit sal werk vir my huis, want ek is baie moeg en wil eerder rus en **slaap**."
So, hy bou toe sy huis uit stokkies. Vir die res van die dag sing, dans en speel hy met sy boetie.
Die derde klein varkie werk hard die hele dag en bou sy huis met stene. Dit was 'n **mooi** en stewige huis, met 'n kaggel vir vuur en 'n skoorsteen op die dak. Die huis sou die **sterkste** winde kon weerstaan.

Die volgende dag het 'n wolf verby die laan geloop waar die drie klein varkies gewoon het. Hy sien die eerste varkie se strooihuis en snuif toe in die lig en ruik toe wat **binne** in die strooihuis is.

"'n Vark!" skreeu hy. "Daardie klein varkie gaan 'n lekker ete maak vir my vanaand!" Wolf se mond begin water, so hy klop aan die deur en **skreeu**: "Klein varkie, klein varkie, laat my in, laat my in!"

"Nee, nee, nee! Nooit maak ek die deur oop nie!"
Die wolf gruis en wys sy tande en sê: "Dan sal ek blaas en blaas en dan blaas ek jou huis om!"



So die wolf blaas en blaas en blaas die huis om. Die wolf maak sy kake groot oop en byt hard af na die klein varkie, maar die eerste klein varkie ontsnap van die wolf se kake en hardloop so vining as wat hy kan en gaan kryp weg by sy **boetie**, die tweede klein varkie.

Die wolf hou toe aan om langs die paadjie te loop en hy kom toe by die tweede huis aan wat van stokke gemaak is. Hy ruik die varkies binne en weer water sy mond so net aan die gedagte hoe lekker die varkies gaan proe vir **aandete**.

So hy klop aan die deur en sê: "Klein varkies, klein varkies, laat my in, laat my in!"
"Nee, nee, nee! Nooit maak ons die deur oop nie!"
Die wolf gruis en wys sy tande en sê: "Dan sal ek blaas en blaas en dan blaas ek julle huis om!" So die wolf blaas en blaas en blaas die huis om.

Daar staan die twee klein varkies reg voor die groot, nare wolf. Die wolf probeer

altwee varkies gelyktydig vang, maar hy was te vraatsig en sy groot kake hap toe af en hy mis. Hy kry toe net 'n bek vol lig.



Die twee varkies skarrel weg so vining as wat hulle pootjies hulle kon dra. Die wolf jaag die varkies af die paadjie en vang hulle amper, maar hulle maak dit net by die steenhuis van hulle boetie. En, saam maak hulle die deur **toe** voor die wolf hulle kon vang.

Die drie klein varkie staan bitter styf teen mekaar in die huis en bewe van vrees oor die wolf wat buite staan en wag. Die wolf het die hele dag nie geëet nie, so hy is nou so **honger**, veral omdat hy nog drie varkies moes jaag.Noudat hy al drie varkies ruik in die huis is hy opgewonde en hy weet hy het 'n heerlike aandete wat vir hom wag aan die ander kant van die vier mure.
So, die wolf slaan met sy pote teen die deur en sê: "Klein varkies, klein varkies, laat my in, laat my in!"
"Nee, nee, nee! Nooit maak ons die deur oop nie!"
So die wolf wys sy tande en sê: "Dan sal ek blaas en blaas en dan blaas ek julle huis om!" Wel hy blaas en hy blaas en hy blaas en hy huig en hy blaas en hy blaas en hy huig, maar hy kon nie die steenhuis omblaas nie.



Uiteindelik was hy so moeg geblaas en sê: "Ek kan nie meer blaas en blaas nie!"
Toe wolf uitvind dat hy nie met al sy geblaas en huig die steenhuis omblaas nie, was hy baie **kwaad**. Hy kondig toe aan: "Ek gaan deur die skoorsteen klim en julle sommer kom opvreet binne julle huis!"

Toe die klein varkies sien wat die wolf besig was om te doen het hulle gou 'n groot pot water in die kaggelvuur gaan sit en 'n groot vuur gemaak. Net toe wolf besig was om af te kom met die skoorsteen het hulle vinnig die deksel van die pot verwyder en die wolf val toe reg in die groot pot met die kokende water. Die klein varkies sit vining die deksel terug op die pot en druk dit styf toe. En dit, was die **einde** van die nare, groot wolf.

**Vrae** (Answer these questions in your " boek 1")




1. Hoeveel varke was daar altesame?
2. Wie, dink jy, is die jongste varkie? Waarom sê jy so?
3. Watter ander kos kon Wolf eet?
4. Oor hoeveel dae neem hierdie storie plaas?
5. Van watter ander kinderstorie hou jy?

**Dinsdag**

**14 Julie (Prakties)**

**Lees en kyk**

**Lees**

Kyk na die blokkies. Van die selfstandigenaamwoorde se verkleiningsvorm kruip in die blokkiesraaisel weg, kyk hoeveel jy kan vind.
Byvoorbeeld: Klip – Klippie

| Selfstandigenaamwoorde | |
|---|---|
| Dak | Dakkie |
| Kosse | |
| Tande | |
| Huise | |
| Slap | |
| Deksel | |
| Stokke | |
| Pad | |
| Wolf | |
| Bek | |
| Aand | |
| Strooi | |
| Kaggel | |
| Pot | |
| Deur | |
| Varke | |
| Kake | |
| Stok | |



## Die drie varke

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| F | K | L | P | A | A | D | J | I | E | K | I | O | K |
| D | E | T | E | I | J | T | L | E | G | G | A | K | S |
| E | R | T | T | I | E | I | K | K | E | B | S | S | V |
| K | T | A | N | D | J | I | E | S | I | B | T | A | E |
| S | V | H | U | I | S | I | E | S | S | O | R | R | T |
| E | S | N | S | S | E | F | I | K | K | K | O | E | T |
| L | K | I | J | S | I | E | E | K | I | K | O | E | K |
| K | E | I | F | L | O | W | I | E | E | A | I | I | O |
| I | E | E | R | A | K | E | S | R | K | K | T | J | S |
| E | E | I | L | A | S | E | T | S | K | I | J | D | S |
| I | I | J | I | P | I | K | O | S | O | E | I | N | I |
| O | F | T | E | I | K | K | A | D | T | S | E | A | E |
| K | U | O | T | E | J | I | G | I | S | L | I | A | S |
| E | J | P | E | S | E | D | E | U | R | T | J | I | E |

# Woensdag

## 15 Julie (Prakties)

## Taalstrukture en konvensie

## Blokkiesraaisel

## Instruksies

Kyk na die woorde en gee die teenoorgestelde van die woord deur dit in die blokkiesraaisel in te vul bv Hard – Sag

| Dwars | Af |
|---|---|
| 1.einde | 1. binne |
| 3.sterkste | 2. dag |
| 5.toe | 3. sterker |
| 6.slaap | 4. ou |
| 8.kwaad | 7. skreeu |
| 9.boetie | 10. groot |
| 11.eerste | 11. mooi |
| 12. lui | |
| 13.honger | |






**<u>Donderdag/vrydag</u>**

**<u>16/17 Julie (" Boek 1 ")</u>**

**Opskrif** *(Please write the heading in your "Boek 1")*

**<u>Taalstruktuur en Konvensie :Verkleining</u>**

## *Verkleining* (read through the notes)

ou klein 

Ek het so 'n **ou klein** bootjie vir my gekoop.

ou lelike 

Die **ou lelike** eendjie is hartseer.

## Hoe om VERKLEINWOORDE te vorm:

***VERKLEINWOORDE met -tjie / -jie**

Die meeste woorde in Afrikaans kry –**tjie** in die verkleining.
Ons spreek –**tjie** en –**jie** soos –**kie** uit.

1. Woorde met **twee vokale** of **twee lettergrepe** + **l / r / n**,
   bv. st<u>oe</u>**l** - stoel**tjie** br<u>oe</u>**r** - broer**tjie** s<u>oe</u>**n** - soen**tjie**
2. Woorde wat op –**d** of –**t** eindig, kry net –**jie**,
   bv. hon**d** - hond**jie** ka**t** - kat**jie**  
3. Woorde wat op –**ie** eindig, kry –**tjie** in die verkleining,
   bv. mandj**ie** - mandjie**tjie** horlos**ie** - horlosie**tjie**  

***VERKLEINWOORDE met -ie**



1. Woorde wat op –**s**, –**k**, –**p**, –**g** en –**f** eindig, kry –**ie** in die verkleining,
   bv. hui**s** - huis**ie** boe**k** - boek**ie** dui**f** - duif**ie** 
2. By woorde met **dubbel vokale: aa**, **ee**, **oo** en **uu**, val die een vokaal weg, want dit staan dan in 'n oop lettergreep.
   bv. sk<u>aa</u>p - skap**ie** n<u>ee</u>f - nef**ie** 
3. By woorde met 'n **kort vokaal en wat op 'k', 'p', 'g' en 's' eindig**, verdubbel die konsonant in die verkleining. (Dus bly die klank kort.)
   bv. v<u>i</u>**s** - vi<u>ss</u>**ie** r<u>o</u>**k** - ro<u>kk</u>**ie**  

***VERKLEINWOORDE met -pie**

Woorde met 'n **lang vokaal** of **twee lettergrepe**, wat op –**m** eindig, kry –**pie** in die verkleining,
bv. b<u>oo</u>**m** - boom**pie** <u>be</u>/<u>se**m**</u> - besem**pie**

Voltooi die aktiwiteit in jou boek 1 *(You can only write the answers in your " boek 1")*

| | | | |
|---|---|---|---|
| halfsuster | ___________ | grootouers | ___________ |
| tannie | ___________ | niggie | ___________ |
| tante | ___________ | verloof | ___________ |



**B.** **GEE DIE VERKLEINING EN DIE MEERVOUD VAN DIE WOORDE.**


| | Verkleining | Meervoud | | Verkleining | Meervoud |
|---|---|---|---|---|---|
| pa | _______ | _______ | niggie | _______ | _______ |
| pappa | _______ | _______ | neef | _______ | _______ |
| ma | _______ | _______ | kleinkind | _______ | _______ |
| mamma | _______ | _______ | tweeling | _______ | _______ |
| broer | _______ | _______ | weeskind | _______ | _______ |
| suster | _______ | _______ | naamgenoot | _______ | _______ |
| oupa | _______ | _______ | wewenaar | _______ | _______ |
| ouma | _______ | _______ | weduwee | _______ | _______ |
| oom | _______ | _______ | oujongkêrel | _______ | _______ |
| tante | _______ | _______ | oujongnooi | _______ | _______ |

**C.** **GEE DIE KORREKTE MEERVOUD OF VERKLEININGSVORM.**



1. My naam is Chrisna en daar is ses (lid) _____ in my gesin.
2. Ek het 'n ma en 'n pa, twee (broer) _____ en 'n klein (suster) _____.
3. My broer is die (oud) _____ en die (lank) _____ van al ons (kind) _____.
4. My klein (broer) _____ is die (jonk) _____ en ook die (kort) _____ in die gesin.
5. Al die (meisie) _____ in ons gesin het blonde hare, en al die (seun) _____ het donker (haar) _____.





6. Ek het twee (oupa) _____ en twee (ouma) _____.
7. Al ons (kleinkind) _____ is baie lief vir ons (grootouer) _____, omdat hulle ons baie bederf.
8. Ek het drie (oom) _____ en twee (tante) _____.

**Maandag**

**20 Julie (Boek 1)**


**Opskrif** *(Please write the heading in your " Boek 1")*

**Lees en kyk**

**Lees die gedig "Die duisendpoot" en beantwoord die vrae.**

# DIE DUISENDPOOT

Pasop! Pasop vir die duisendpoot!
As hy jou byt lag jy jou dood.
Hy byt klein Jannie op 'n dag:
Daar kry die kind die lekkerlag.
Dit kielie hier, dit kielie daar,
Dit kielie oral aanmekaar.
Sy voetsool, neus, sy hart se sak,
Dit kielie in sy kieliebak.
Sy mond rek wyd, sy tande wys,
Hy kry inwendig hoendervleis.
Hy rol, hy krul, hy hou sy maag.
Ha-ha! Daar skeur sy hemp se kraag.
Ho-ho! Daar klap sy boonste knoop.
Hie-hie! Daar vlieg sy baadjie oop.
Sy are swel, sy kleur word blou;
Die lagbui word 'n wolkbreuk nou.
Sy vader skrik: "My liewe tyd –
Vanwaar nou die lagsinnigheid?"
Sy moeder kerm: "Ag, wat is dit?
Nog nooit had hy die ritteltit."



**Vrae**


1. Wat is die titel van die gedig?

2.Dink jy 'n duisendpoot kan regtig byt?

3.Wat het gebeur toe die duisendpoot vir Jannie gebyt het?

4.Wat beteken die volgende geluide "Ha-ha,Hie-hie,Ho-ho"?


5.Waarom kerm sy Ma?



**Dinsdag (Mondelings)**

**21 Julie**

**Lees en kyk**



Lees die storie vir enige familielid,laat jou familielid jou help met die uitspraak van die woorde.

## Hasie en Skilpad

Eendag was daar 'n ratse hasie wat geglo het dat hy beter as al die ander diere in die bos was. Hy het altyd gespog oor hoe vinnig hy kon hardloop. Eendag was hy weer besig om te spog oor hoe vinnig hy kon hardloop en sê: "Niemand het my nog ooit gewen in 'n wedloop nie, want ek is die beste!" "Ek daag enige iemand hier uit om teen my te hardloop!"

Ou Skilpad was moeg om te hoor hoe Hasie spog. Hy antwoord saggies: "Ek sal jou uitdaging aanvaar." "Hoe dom van jou!" skree Hasie. "Ek sal selfs al die pad om jou kan dans en jou nog steeds wen!" "Hou maar aan spog. Ons sal sien wie wen," sê Skilpad. "Sal ons begin?"

Die baan is gereed gemaak en die deelnemers word na die aantreeplek geroep. Die aankondiger roep: "Op julle merke, gereed, begin!" Weg is hulle! Hasie trek met 'n spoed weg. Hy was al amper uit sig uit toe hy skielik stop en omkyk. Daar sien hy vir Skilpad stadig maar seker aangesukkel kom. Die verwaande hasie besluit net daar om gou 'n bietjie te slaap aangesien Skilpad nog ver agter was.

Terwyl Hasie slaap, het ou skilpad maar net aangehou loop en voortgesukkel. Skilpad het geweier om te stop en net sy oog op die wenpaal gehou. Al die diere het so hard vir Skilpad geskree dat Hasie wakker geword het.

Toe Hasie sien dat Skilpad amper by die wenpaal is, besef hy dat hy nie meer die wedloop kan wen nie. Hasie was baie kwaad vir homself. "Hoe kon ek aan die slaap raak en toelaat dat Skilpad verby my loop," het hy gedink. "Nou lyk ek soos 'n dwaas nadat ek by almal gespog het dat ek die wedloop gaan wen."

Die ratse hasie het 'n baie goeie les geleer. Hy was nou baie versigtig om nie meer te spog nie. Hy het homself altyd hieraan herinner: "Moenie te veel oor jouself spog nie. Daar is dalk iemand wat beter as jy is."



**<u>Woensdag (Algemene boek en folio)</u>**

**<u>22 Julie</u>**




**<u>Opskrif</u>** (Please write the heading in your "Algemene boek")

**<u>Skryf en Aanbied</u>**

**<u>My eerste dag terug by die skool.</u>**

Liefste Graad 5 Kuilie,jy kom amper terug skool toe en ons is so opgewonde om julle terug te verwelkom.


Skryf twee paragrawe (40 woorde per paragraaf) oor die volgende:

Die dinge waarna jy die meeste uitsien en die dinge waarna jy die minste uitsien as jy terug is by die skool.

Jy moet eers jou skryfstuk beplan in 'n breinkaart (folio),eerste poging (algemene boek) en dan die finale poging (Algemene boek).

**Maak seker van die volgende**

- Spelling
- Sin konstruksie
- Verbindingswoorde
- Lees en skryftekens










**Donderdag**

**23 Julie (Boek 1)**

**Opskrif** (Write the heading in your "Boek 1")

**Taalstrukture en konvensie**

**Meervoude** (Read through the notes)

bv. 'n Seun is sterker as 'n meisie. (Nie 'n bepaalde/spesifieke seun nie, enige seun.)

# MEERVOUDE (Plurals)

**Sleutelwoorde** om te onthou wanneer meervoude verlang word:




bv.

Daar is **'n paar** voëls in die boom.

**Al die** voëls is blou.

**Een van die** voëls het 'n af vlerk.

## Hoe om MEERVOUDE te vorm:

***MEERVOUDE met -e**

1. Woorde wat met **dubbel konsonante** ***(double consonants)*** eindig, kry gewoonlik 'n **–e**
   bv. ho**nd** - honde     per**d** - perd**e**
2. Woorde met **twee verskillende vokale** ***(double vowels)***,
   bv. m**ie**r - mier**e**     h**ui**s - huis**e**
3. By woorde met **dubbel vokale** ***(twin vowels)***, val een vokaal in die meervoud weg,
   bv. haas - h<u>a</u>se     peer - p<u>e</u>re
4. By woorde met **een**, **kort vokaal** ***(short vowel)***, verdubbel die konsonant in die meervoud,   bv. k**a**t - ka<u>tt</u>**e**     vis - vi<u>ss</u>**e**
5. By woorde wat **eindig op 'ag'** (ending in 'ag'), val die 'g' weg en eindig dit met **–e**
   bv. d**ag** - da**e**     vl**ag** - vla**e**
6. Woorde wat **eindig op 'ig'** (ending in 'ig'), kry **–te** in die meervoud,
   bv. ges**ig** - gesig**te**     l**ig** - lig**te**
7. By woorde met **twee vokale** + **'f'** (double/twin vowel + 'f'), val die 'f' weg en eindig dit met **–we**,   bv. d<u>ui</u>**f** - dui**we**     st<u>oo</u>**f** - sto**we**
8. By woorde met 'n **kort vokaal** + **'f'** (short vowel + 'f'), val die 'f' weg en eindig dit met **-wwe**,   bv. sif - si**wwe**     stof - sto**wwe**

**<u>Aktiwiteit </u>**(Please write both words in your "boek 1")

Skryf die meervoud neer van elke woord




- pan:
- kop:
- vis:
- ster:
- boot:
- been:
- dier:
- voet:
- dorp:
- huis:
- vrug:
- lig:
- oorlog:
- elmboog:
- vlag:
- knie:
- oupa:
- gevoel:
- ma:






**Vrydag**

**24 Julie (Boek 1)**

**Opskrif** (Write the heading in your "Boek 1")

**Taalstrukture en konvensie**

**Skryf die paragraaf oor in jou boek en maak die foute reg.**

Dar was eenmaal 'n mama vark wat dri klien varkies gehaad het. Toe hule mooi groot was,het sy vir hulle gesê: "Jille is nou te groot om langer hier te bly.Jille moet weggaan en jille uie huise gaan bou.Maar pasop dat die wolf julle nie vang nie





